# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

Posbus 1989 Tzaneen 0850
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter*** *(Aubrey Potgieter) Tel: 083-629 1931*
***Sekretaris*** *(Abel Botha): Tel: 082-773 1488* ***Tesourier*** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**e-mail :** mwabelb@mweb.co.za
**Redaktrise** : Annie Botha 083-4076921 **e-mail** : annieb2@mweb.co.za

## Notule van Bestuursvergadering 7 April 2005

**1. OPENING & VERWELKOMING :**

Cor open die vergadering met gebed en Aubrey heet almal welkom, in besonder ons gas vir die aand, die staatsveearts Dr. Geertsema. Daar word ook gedink aan die familie van Piet Smit met sy afsterwe. Abel sirkuleer 'n brief wat BJV Letaba tak aan Marlene Smit wil stuur sodat almal teenwoordig dit kan teken.

**2. DOELSTELLINGS**

Marius lees die doelstellings van BJV

**3. TEENWOORDIG**

**Bestuur :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aubrey Potgieter | Gustav von Below | Carel Buitendag | Wallie van Dyk |
| Abel Botha | Marius v Rensburg | Karl Osmers | Cor Olivier |
| Aubrey Engelbrecht | Annie Botha | Cornel Maré | Stefan Fourie |
| Schalk Robinson | Walt Katzke | John Eastes | Vic Osmers |

**Lede & gaste:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dawie Botes | DS v Vuuren | Jaco Haar | Johnny Rech |
| Evert Bekker | Daan Nel | RB du Plessis | Gerrit Gertsema |

**4. VERSKONINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mike Gamba | André le Grange | Johan Ehlers | Chris de Wet |
| Fritz Jacobs | | | |

**5. VORIGE NOTULE :**

**5.1 Sake voortspruitend uit vorige notule**

Sal onder gelyknamige items behandel word

**5.2 Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die notule van die vorige vergadering (3 Maart 2005) word goedgekeur en geteken, met regstelling van die datum fout op die notule.

**6. VASSTELLING VAN AGENDA**

18.5 Bestuurs jagnaweek

**7. FINANSIES**

Cor het 'n lys vanaf Uitvoerend gekry met name van lede wat nog nie ledegeld betaal het nie en einde April afgesny sal word. Annie moet 'n nuusbrief uitgee wat alle lede versoek om baie dringend te bevestig met lidmaatskapkaart of bewys van betaling dat hulle wel betaal het, of anders voor einde April te betaal.

Aubrey Potgieter sal vir Alan Bissett 'n lys met name en adresse van adverteerders op die muur gee dat hy volgende betalings kan in.

**8. NUWE LEDE & TOEGEWYDE JAGTERS**

Die volgende nuwe lede word goedgekeur :
Claude Eric Kleynhans (familielidmaatskap)
Wouter Kidson
Johannes Hendrik de Beer

Die volgende lede voldoen aan die vereistes volgens die nuwe vuurwapenwet om as Toegewyde Jagters te registreer en word deur die vergadering as sulks goedgekeur:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lid no. S3584 | F. van Zyl | ID. | 8206075059084 |
| Lid no. S3559 | H.J.J. Fraser | ID. | 8407175063089 |
| Lid no. S3580 | J.S. Haar | ID. | 6509075125009 |
| Lid no. S3363 | D.S. v Vuuren | ID. | 6506285029088 |
| Lid no. S2940 | D.L. Griesel | ID. | 3604095013088 |

**9. KLUBHUIS & SKIETBAANGRONDE**

**9.1** **David** was twee keer in die week afwesig sonder verlof. Aubrey P. sal dit met Chris opneem en die toepslike stappe neem.

**9.2** **Klubhuis** – Schalk sal die skakelbord skuif sodat die klubhuis se ligte aangesit kan word sonder om in die kroeg in te gaan.

SAB het ons genooi om een vergadering by hulle te hou. Hulle sal dan al die drank wat die aand daar verkoop word se geld aan ons skenk.

**9.3** **Dranklisensie** - Daar is heraansoek gedoen deur die prokureur – Abel het al die nodige vorms ingevul en Johan Ehlers het dit gewaarmerk.

**9.5** **Poslec Seta** – Johnny Rech sê dat nog 7 BJV lede die kursus gedoen het en besig is met hulle portefeuljes.

**9.7** **Elektrisiteitsrekening**

Eie kragaansluiting - Alles is nou reg. en ons kan aansluit.

**Skietbaan akkreditasie :** John Eastes, Vic Osmers en Aubrey Englebrecht sal die akkreditasie van die skietbaan nou begin doen.

**9.8 Akkreditasie - Toegewyde Jagter status & Sportskiet organisasie**

John Eastes, Vic Osmers en Aubrey Englebrecht sal begin om Letaba tak as 'n Sportskiet vereniging te akkrediteer en ook ons lokaal as 'n opleidingslokaal akkrediteer. Abel het die 66 lede wat reeds kwalifiseer het as Toegewyde Jagters, se sertifikate by hom. Die lede wat dit nog nie by hom kom afhaal het nie, kan dit nou doen en moet net bewys lewer dat hulle opbetaalde lede is.

**10. SKIETDAE**

Abel wil weet of iemand wat 'n platinum skietbalkie verwerf het voordat hy nog lid was, hierdie prestasie kan behou terwyl hy nou lid is. Die vergadering besluit dat Uitvoerend oor hierdie aangeleentheid moet besluit.

**10.1 Pro-Amm skietdag 2005**

Pro-Amm se Nasionale Kampioenskappe skietdag is afgestel en hulle sal ook nie weer skietdae aanbied nie. Ons het twee moontlikhede t.o.v. hierdie dag:

a. Ons hou 'n gewone groepering skietdag, waar elkeen met sy eie ammunisie skiet
b. Highland Ammunisie sal dalk belangstel om hierdie kompetisie oor te neem. Wallie sal met hulle skakel en by die volgende vergadering terugvoering gee.

**10.2 Skietdag Saterdag 9 April**

Abel sal vorms aan Aubrey deurfaks. Marius, Walt sal baanoffisiere wees. Daan Nel en Cor sal inskrywings hanteer.

**11. OPLEIDING**

Setifikate – Aubrey P. en Carel B. sal alle sertifikate wat nog uitstaande is, uitsorteer. Aubrey sê dat hy nog net 4 Juniors het vir die Junior 1 kursus en nog baie kinders soek. As ons teen Woensdagaand nie ten minste 10 kinders het nie, sal ons die kursus uitstel.

**12. KLEIDUIF** Schalk is reg vir Saterdag, mits hy ammunisie kan kry.

**13. BOOGJAG** Gene Dames sal waarneem.

**14. HANDWAPENJAG** Johan is reg vir Saterdag

**15. WINDBUKS** Stefan het die gevaararea heeltemal toegeplank. Sy windbuks se kolf het die vorige skietdag gebreek. Johnny Rech bied aan om dit kosteloos te herstel, as Stefan nie tevrede is nie, kan hy terugkom na die vergadering sodat ons vir hom 'n ander kolf kan finansier. Die vergaderin besluit dat alle lede in die toekoms hulle eie windbukse moet bring aangesien BJV se windbuks ook stukkend geskiet is. Annie moet dit in die Nuusbrief meld. Die vergadering bedank Stefan vir al sy insette om die windbuks skiet so 'n sukses te maak.

**16. REDAKTRISE / PUBLIKASIES / PERS**

Annie moet so gou as moontlik 'n nuusbrief uitgee sodat lede tyd het om te reageer voor einde April. Meld dat André v d Merwe foto's en artikels soek vir die Impala.

**17. UITVOERENDE VERGADERING**

Die vergadering besluit om vir André v d Merwe uit te nooi na ons volgende vergadering. Abel sal hom skakel.

**18. ALGEMEEN**

**18.1 Wildsete** Annie moet lede herinner (in die Nuusbrief) om vleis te hou vir die wildsete

**18.2 Pligstate** Abel vra dat alle vorige bestuurslede pligstate moet opstel oor hulle verskeie portefeuljes, want ons stel lede aan om 'n sekere werk te doen maar vertel nie vir hulle presies wat hulle moet doen nie, wat lei daartoe dat sekere dinge agterweë bly. Die vergadering keur dit so goed.

**18.3 Stig van 'n herlaaigroep**

Abel stel voor dat ons 'n herlaaigroep moet stig wat elke seker tydperk bymekaar kan kom om sekere aspekte van herlaai te bespreek of ui te lig, om elke jaar 'n herlaaikursus aan te bied en ook beskikbaar te wees vir lede wat inligting soek oor herlaaiprobleme. Die vergadering keur dit so goed. Marius J. V. Rensburg sal die bestuurslid in beheer wees, en die res van die groep sal bestaan uit Ivy Iveson, Daan Nel en Prof. Koos Badenhorst. Nader ook vir Nols Thiart.

**18.4 Eiland tak**

Heimo Wiers nie teenwoordig – staan oor

**18.5 Bestuursjagnaweek en spanbou**

Die vergadering besluit dat dit by Karl Osmers sal plaasvind. Die naweek word geskuif na die naweek van 29/30 Julie 2005.

**19. VOLGENDE VERGADERING**

Word verskuif na **Dinsdag 3 Mei 2005** 18h00. Annie moet dit so in die Nuusbrief skryf en die week voor die vergadering in die koerante adverteer.

**Notule goedgekeur as korrek :** **Datum** ………………………………….

……………………………………………………..    ……………………………………………………

**Voorsitter** **Sekretaris**